

DIE WANDEL MET GOD

Jack Smit

Met al die versoekings van vandag en die teenstand teen God se bestaan, is dit soms maar moeilik op die nou paadjie! Dit is so maklik om te struikel en om te val!

Dan dink ek aan arme Noag wat tussen 'n klomp diep sondige mense gelewe het. Sonde het regeer in Noag se tyd en die Bybel se beskrywing laat min aan die verbeelding oor: ***“Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. Die Here het gesê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het.”*** (Genesis 6:5-7)

So boos was die mensdom, dat die Here beplan het om al die mense en diere dood te maak. Net Noag en sy gesin is gered.

Te midde van hierdie beseerde mense het Noag die Here se stem gehoor en het hy getrou gebly aan sy God. Ek wonder my soms aan Noag. Met al hierdie boosheid rondom hom, het hy gehoorsaam gebly. Vir 120 jaar het hy aan die Ark gebou, net omdat hy geglo het dat dit God se instruksies is. Oor daardie tydperk het Noag ook gepreek, en, al het die mense hom miskien uitgelag en geterg, was Noag vasberade om die Here te gehoorsaam. Hoekom, Noag? Hoekom sou jy vir 120 jaar bou aan 'n yslike boot? ***“Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vrypraak wat deur die geloof kom.”*** (Hebreeërs 11:7). Die antwoord lê in daardie woordjie: 'Glo'.

Omdat Noag geglo het, het hy aanhou bou – vir 120 jaar! Hoe is dit moontlik? Die ou vertaling sê dit so mooi: ***“Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel.”*** (Genesis 6:9). Die Bybel getuig dat, selfs met al die boosheid om hom, was Noag 'n regverdige, opregte mens. Ons nuwe vertaling sê dat ***“Noag onberispelik was en hy het naby God geleef.”***


Die omstandighede in ons mooi land, en eintlik wêreldwyd, getuig net van boosheid wat oorgeneem het. God word verloën en sonde is nie meer sonde nie. Vrouens trou met vrouens en mans met mans en kindertjies word vermoor nog voordat hulle gebore is. Die ergste van alles is dat die 'herders', die leraars, wat die Here se skapies moet oppas, net die gedeeltes van die Bybel glo wat hulle pas, en dit word ook so verkondig. Iemand sê netnou vir my dat hy bly is sy tydjie op aarde word min, die Here sal gou moet ingryp!

Noag het geluister na al die slim praatjies en die verskonings vir hulle boosheid, maar hy het aanhou bou – want hy ***het met God gewandel. Naby God gelewe.***

Geliefde leser, Noag se krag om aan te hou, die merkwaardige wil om vir jare getrou te gehoorsaam, het uit sy geloof ontstaan. Dit was nie 'n eenmalige geloof nie, die Bybel sê hy het met God GEWANDEL, NABY GOD GELEWE! Jy sien, geloof is nie om eendag jou hand op te steek en te sê jy neem Jesus aan nie, geloof word jou leefwyse. Volgens 2 Korintiërs 5:17 is jy nuut geskape, die oue is weg en alles het nuut geword, en as jy eers by Galasiërs 2:19-20 uitkom, dan is dit nie meer 'jy' wat lewe nie, maar die Here Jesus wat in jou lewe!

Hoe kan jy en ek in hierdie verdorwe wêreld volhou om Jesus te dien? Nee, ons kan nie! Die oplossing kom by die doodgaan! Saam met Christus moet ek gekruisig word sodat Jesus in my kan lewe. Dan is dit nie meer EK wat wandel nie, maar Jesus wat in my woon.

Wil jy saam met God wandel? Wil jy naby God lewe? Sterf dan! Neem daardie EGO wat so belangrik geword het, en kruisig hom saam met Jesus. Doen dit doelbewus en doen dit elke dag!



R200 bestel by kantoor